

2 November

Genesis 12:6-9

(Teks: 12.7)

### ***'n Altaar vir die Here***

God laat Abram na Kanaän trek (Gen. 12:1) om uit hom 'n volk te bou (Gen. 12:2). Aan die uitverkore volk gee God Kanaän as land (Gen. 12:7). Toe Abram in Kanaän aankom, besit hy niks daarvan nie. Dit was die Kanaäniete s'n (Gen. 12:6). Tot met sy dood het Abram geen grond besit nie (Gen. 23:4), behalwe die stukkie grond in Makpela as begraafplaas (Gen. 23:17-18). In Kanaän is Abram 'n vreemdeling en bywoner (Gen. 23:4; Hebr. 11:9 & 13). Sy besitreg is net 'n belofte. Abram gló God se belofte. Daarom bou Abram twee altare. Daarmee getuig hy, ook aan die heidene, dat hierdie land aan God behoort. Terwyl hy in God se beloftes glo, lê Abram simbolies in die altaar beslag op die land as eiendom van God. Dit is *geloof*. " 'n Vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Hebr. 11:1). Dit is *hoop*. "Die hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog?" (Rom. 8:21). Abram bly op die trekpad - vreemdeling sonder vaste eiendom. Op aarde besit die gelowige niks wat permanent is nie, want alles vergaan vanweë die sonde. Ons is egter op pad na die hemelse Kanaän. As bewys dat ons daarin onwrikbaar glo, moet ons nou al sigbare "altare" van vertrouwe bou op God se beloftes.

Sing Psalm 39:7

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)